

24 Maart

God se uitverkorenes doen wat Hy verwag

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:4

Een van die grootste versoekings op 'n gelowige se pad is juis om die guns van mense te probeer wen. Ons sal almal eerder swyg as om iemand te vermaan. Ons sal eerder verkeerde dinge toelaat as om uitgeskel te word as outyds of as 'n pretbederwer. 'n Predikant sal soms eerder wil preek wat mense graag wil hoor, as dat hy die volle waarheid preek en in onguns by mense kom of selfs vervolg word.

Paulus en sy medewerkers was presies in so 'n situasie. Hy en Silas moes drie weke na hulle aankoms uit Tessalonika vlug weens 'n oproer wat die Jode in die stad georganiseer het. Wat die rede vir die oproer was, word duidelik uit Paulus se woorde in ons teks: "Ons wil nie die guns van mense probeer wen nie, maar doen wat God verwag ..." So het hulle dan die evangelie verkondig ondanks felle teenkating.

Die rede waarom hulle volhard het om die evangelie te verkondig, is dat hulle besef het dat God hulle gekeur het en die evangelie aan hulle toevertrou het. Die Here bring hierdie besef by sy uitverkorenes deur die werk van die Heilige Gees.

Die bewustheid van die Here se uitverkiesende genade in jou lewe maak dus van jou 'n gewillige en onverskrokke werktuig in sy koninkryk, omdat Hy dié wat Hy uitverkies het, ook deur Jesus Christus verlos het. Daarom streef hulle deur die werk van die Heilige Gees na dit wat vir die Here aanneemlik is, al maak dit hulle ongewild.

Streef jy ook daarna?

Sing: Psalm 40:4

Ds. JB du Plessis (Lichtenburg)